# H O O F S T U K   I

## FAKTORE WAT AAN DIE ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BEHEER IN DIE ONDERWYS TUSSEN DIE JARE 1902 en 1910 TEN GRONDSLAG Lê.

### 1. Inleiding.

Die onderwysstelsel van 'n volk, en as deel daarvan die onderwysbeheer, groei uit die geskiedenis van die volk. 'n Onderwysstelsel ontstaan saam met 'n gemeenskap, dit groei en verander namate daardie gemeenskap deur faktore van binne en buite beïnvloed word.

Skaars 'n halfeeu lank het die volk van die Zuid Afrikaansche Republiek onder wisselende ekonomiese, maatskaplike, politieke en kerklike omstandighede geleentheid gehad om 'n nasionale onderwysstelsel op te bou, of die Tweede Vryheidsoorlog het soos 'n vloedgolf oor die jong volkie gerol. Die Britse verowering sou opnuut sy invloed op die onderwysstruktuur en in die besonder op die onderwysbeheer uitoefen.

Om die ontwikkeling tussen die jare 1902 en 1910 suiwer te sien, word kortliks gelet op die faktore wat daaraan ten grondslag lê.

### 2. Die ontwikkeling van 'n nasionale onderwysstelsel in die Zuid Afrikaansche Republiek.

Die patroon waarvolgens die georganiseerde onderwys in die Republiek sou ontwikkel, was nie 'n vooraf geformuleerde beleid nie. Gedurende die minder as vyftig jaar wat aan die Republiek gegun is om 'n nasionale onderwysstelsel te ontwikkel, nadat in 1852 daarmee begin is, het die pendule dikwels van uiterste tot uiterste geswaai en is die tyd nie aan hom gegun om by 'n selfaangewese middelpunt tot stilstand te kom nie [1].

Alhoewel daar baie rondgetas is op soek na 'n onderwysstelsel/.......

---

[1] Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid Afrikaansche Republiek 1852 - 1899, 541.

onderwysstelsel wat sou pas by die aard van die volk, het die beskouinge en die wense van die volk ten opsigte van die onderwys tog duideliker op die voorgrond getree.

Tot hierdie ontwikkeling het veral ds. S. J. du Toit, vanaf 1881 superintendent van onderwys in die Zuid Afrikaansche Republiek, 'n belangrike bydrae gelewer. Sy onderwysbeskouing het sterk onder die invloed van die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Nederland gestaan [1]. Die Nederlandse onderwysstelsel [2] sou, weens plaaslike omstandighede, nie net so hier te lande toegepas kon word nie, maar die prinsipiële benadering het ds. Du Toit in staat gestel om die beginsels van ouerverantwoordelikheid in die onderwys hier toe te pas.

Volgens ds. Du Toit hang, onder goddelike bestuur, die toekoms van die Transvaal, kerklik, maatskaplik en staatkundig, tot 'n groot mate af van die opvoeding en onderwys. Dit is die taak van die ouers om hulle kinders 'n ware opvoeding te gee, en waar hulle daartoe nie in staat is nie, hetsy uit gebrek aan tyd of bekwaamheid, maak hulle gebruik van die skool [3]. Dit onthef hulle egter nie van hulle verantwoordelikheid nie, want God het aan hulle die kinders toevertrou en van hulle sal Hy rekenskap van die opvoeding van die kinders eis [4].

In die grondbeginsels van die onderwysreëling bepaal ds. Du Toit dan ook die plek van die huis, die staat en die kerk met betrekking tot die onderwys. Ten eerste/.......

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 260.
   Ds. S. J. du Toit was 'n volgeling van dr. A. Kuyper, 'n groot voorstander van Christelik-Nasionale onderwys.
   Coetzee: Ds. S. J. du Toit en die Onderwys, 10, 42.

2. Woltjer: Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs? In hierdie werk skets prof. Woltjer die historiese ontwikkeling van die Christelik-Nasionale Onderwys in Nederland en dui hy op duidelike wyse aan wat die doel daarvan is. Die plek van kerk, staat en huis in die onderwys word uiteengesit.

3. Woltjer: a.w., 20.

4. Coetzee: a.w., 11.

wys. Ten eerste moet die regering uitgaan van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders, en dit beperk die taak van die staat tot die aanmoediging van die partikuliere inisiatief by die volk deur geldelike bydrae ter ondersteuning van skole, tot die skoolopsig vir sover dit hom geroepe ag om toe te sien dat sy toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding ontvang, en tot die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys. Ten tweede moet die regering uitgaan van die beginsel dat die godsdiensonderwys as sodanig tuis hoort by die kerk en nie by die staat nie, en eis dit slegs dat in alle staatsondersteunde skole die burgerlike onderwys behoorlik gegee word, naamlik in Christelike gees, waarby inbegrepe is die opening en sluiting van die skool met gebed, die lees van Gods Woord en die behandeling van die Bybelse Geskiedenis binne die skoolure, terwyl die bepaalde konfessionele onderrig aan die verskillende kerke oorgelaat word, waarin skoolbesture na omstandighede behulpsaam moet wees deur die beskikbaarstelling van skoollokale en ook andersins. Die regering spreek ook die wenslikheid uit dat die verskillende gemeentes en kerkrade self soveel moontlik die inisiatief sal neem in die stigting van skole en die kies van skoolkomitees [1].

Die regering moet die onderwys toeganklik maak vir die hele volk, veral vir die buitebevolking, en daartoe 'n jaarlikse toelae aanbied vir alle skole wat aan die eise van die reglement voldoen. Vir die eerste keer word ook bepaal dat die onderwys in die Nederduitse taal gegee sal word.

Alle skole sal bestuur word deur verkose skoolkomitees met volle verantwoordelikheid vir die voorsiening van skoolgeboue, meubels en toebehore, vir die bepaling van vakansies en die benoeming van die

onderwysers./........

1. Coetzee: Ds. S. J. du Toit en die Onderwys, 15.

onderwysers. Die superintendent van onderwys is belas met die oppertoesig oor die onderwys [1].

Uit die voorgaande blyk dat die beheer van die onderwys gelaat is in die hande van die ouers onder toesig van die kerkraad en vry saamgestelde skoolkomitees.

Ouerbeheer van die skool het onder andere ingehou dat die ouers die onderwyser kon aanstel wat die onderwys in die skool moes waarneem. Deur die regte keuse van die onderwyser, kon die Christelike gees, en meer in besonder die godsdiensonderrig, in die skool beheer word, en kon gewaak word oor die belange van die Hollandse taal.

Of die toepassing van die onderwysbeleid in die praktyk suksesvol was, is hier nie ter sake nie, maar die beginsels van ouerreg en ouerplig is min of meer gehandhaaf tot die uitbreek van die oorlog in 1899.

3. <u>Maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling net voor die Tweede Vryheidsoorlog</u>.

Die beginsel van ouerreg en ouerplig in die onderwys het net by die volk diepte gevind, en dit het geskyn asof daar na jare van onbestendigheid met betrekking tot die vorm van onderwysbeheer, uiteindelik koers en rigting gevind is, of nuwe ekonomiese, maatskaplike en politieke probleme het met die ontdekking van diamante en goud hulle verskyning gemaak.

Hierdie nuwe probleme sou die staatsowerheid tot 'n gedeeltelike koersverandering met betrekking tot die beheer van die onderwys dwing. Veral twee faktore het daartoe aanleiding gegee dat die Volksraad van die Republiek in 1896 wetgewing goedgekeur het waarvolgens daar staatskole op die goudveld opgerig sou word. Ten eerste was dit die houding van die uitlandergemeenskap teenoor die nasionale onderwysstelsel. Hierdie mense het die

onderwys/.........

---

1. Coetzee: Ds. S. J. du Toit en die Onderwys, 16.

onderwys betrek in hulle strewe na politieke en taalregte en het op grond van sogenaamde verwaarlosing van die onderwys deur die landsregering in 1895 daartoe oorgegaan om hulle eie plaaslike onderwysliggaam, die "Witwatersrand Council of Education", te stig [1]. Hierdie liggaam, gesteun deur kapitaalkragtige individue en die myne, sou hom ten doel stel die onafhanklike behartiging van die onderwys van die vreemdelingkinders op die goudveld. Indien hierdie skema sou slaag, sou dit die gevaar inhou dat die onderwys op die goudveld uit die hande van die regering in die hande van vreemdes sou oorgaan.

Die tweede faktor wat die regering gedwing het om op die goudveld af te wyk van die beginsels waarop die nasionale onderwysstelsel gebaseer was, was die groot getalle verarmde Afrikaners op die goudveld. By hierdie mense het nie alleen die middele nie, maar ook die inisiatief ontbreek om skole vir hulle kinders op te rig en dan volgens die voorsiening wat in die onderwyswet van 1892 daarvoor gemaak is, subsidie by die regering aan te vra [2].

Die gewysigde wetgewing het aan die regering die reg verleen om op die goudveld vir die vreemdelingkinders en die kinders van die verarmde Afrikaners, geheel en al op regeringskoste, staatskole op te rig, geboue en benodigdhede te voorsien, onderwysers aan te stel en te besoldig en om komitees van beheer oor sulke skole te benoem [3].

As teenvoeter teen die "Witwatersrand Council of Education" is regulasies goedgekeur vir die stigting van 'n skoolraad met adviserende magte, wat die onderwys in 'n sekere gebied sou waarneem. Die lede van die skoolraad sou deur die regering benoem word en die belangrikste nasionaliteitsgroepe verteenwoordig. Die/.....

1. Malherbe: Education in South Africa, 296.
2. Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid Afrikaansche Republiek 1852-1899, 430.
3. Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg 1886 - 1920, 178.

verteenwoordig. Die skoolraad sou adviserende magte hê ten opsigte van die stigting van skole, die oprigting en grootte van geboue, die medium van onderrig, skoolgelde en dit kon die volgende aan die plaaslike komitees toevertrou: die toesig oor die skoolgeboue, die toesig oor die onderwysers, die skorsing van leerlinge, die ontvangs van skoolgelde en die toekenning van pryse. Die plaaslike komitees moes kwartaalliks aan die skoolrade van hulle werksaamhede verslag doen, en die skoolraad self halfjaarliks aan die superintendent [1].

Teen die einde van 1898 is deur die regering goedkeuring verleen aan die instelling van plaaslike skoolkomitees waarvan die grootste helfte van so 'n skoolkomitee deur die regering benoem sou word uit name van persone deur die superintendent voorgelê. Die res sou benoem word uit 'n dubbeltal van persone deur stemgeregtigde ouers aan die regering voorgelê.

Alhoewel die staatsbenoemde skoolkomitees nie allerweë [2] die goedkeuring weggedra het nie, was die beginsel van adviserende skoolrade en skoolkomitees as gevolg van hierdie koersverandering nie onbekend in die onderwysstelsel van die Republiek nie.

4. Tweede Vryheidsoorlog en die onderwerping van die Afrikaners aan Britse gesag.

Die beginsel van staatskole as noodsaaklike onderafdeling van die nasionale onderwysstelsel was nog nie ingeburger toe die onderwys in Transvaal tot stilstand gebring is deur die aggressiewe optrede van Groot-Brittanje nie.

Gedurende 1900 het die Britse magte die vernaamste stede en dorpe beset. Terwyl die oorlog deur sy laaste fases gevoer is, kon die Britse ad-

ministrasie/......

---

1. Roos: a.w., 431.
2. Id., 433. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het 'n georganiseerde veldtog teen die staatskole geloods.
3. Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg 1886 - 1920, 178.

ministrasie onder beheer van Lord Milner, die Hoë Kommissaris in die twee kolonies en Goewerneur van Transvaal, reeds begin met die beplanning van die burgerlike lewe na die oorlog.

Milner was 'n uitgesproke en geharde imperialis en het net één doel voor oë gehad, naamlik "to break the dominion of the Africanderdom" 1). Hy was teen alles wat nie Engels was nie. By die sluiting van die vrede van Vereeniging wou hy niks toegee nie, want "if a bad peace is to be made, it must be over my political corpse" 2).

Met hierdie gesindheid het hy dan ook die onderwys betrek om sy doel te bereik. In 'n opgestelde program sê hy: "Next to the composition of the population 3), the thing which matters most is its education. .......In the new colonies the case will be easier to deal with, provided we make English the language of all higher education. Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else. Language is important, but the tone and spirit of the teaching conveyed in it is even more important" 4).

Terwyl die Transvaal in 'n staat van oorlog was, het Milner vir E. B. Sargant, 'n gewone lid van die Britse staatsdienskommissie, benoem as direkteur van onderwys om met die organisasie van die onderwys te begin. Met sy aankoms in Transvaal in Desember 1900, het hy gevind dat die militêre administrasie nog geen voorsiening vir die onderwys gemaak het nie en dat die grootste gedeelte van die kinderbevolking in konsentrasiekampe saamgetrek was.

Hierin het Sargant 'n ideale geleentheid gesien om 'n groot persentasie van die kinders deur middel van die onderwys te angliseer 5).

Uit die aard van die omstandighede moes die

onderwys/.......

1. Cd. 2482 - 1905, 182.
2. Headlam: Milner Papers, II, 342.
3. The Star, 3.6.03. Gedurende die eerste jare na die oorlog het byna drieduisend Britse vroue na Suid-Afrika geïmmigreer.
4. Headlam: a.w., 243.
5. Malherbe: Education in South Africa, 298.

onderwys gedurende die oorlog sentraal beheer word [1]. Die owerheid moes die akkommodasie, die meubels, die skoolmateriaal en die onderwysers voorsien [2].

Op enkele plekke het oud-onderwysers van die Republiek skooltjies gestig [3]. In Johannesburg is twee Hollandse privaatskole gedurende die oorlog in stand gehou. Die gemeente Fordsburg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, het deur opoffering en toegewydheid daarin geslaag om 'n skool met oor die 200 kinders teen 'n jaarlikse koste van £1,200 aan die gang te hou [4]. In Vrededorp is 'n privaatskool deur 'n sekere Brink, 'n Noorweër, en sy assistente, mej. Kruger, in stand gehou. Hierdie skool het op 25 Februarie 1901 'n goewermentskool geword [5].

Met die vredesluiting het die Britse administrasie reeds 'n goed georganiseerde sentrale onderwysbeheer gehad met 'n goed opgeleide onderwyserskorps om met die ontwikkeling van die onderwys voort te gaan [6]. Daar was reeds 10,727 kinders in goewermentskole in dorpe en selfs op die platteland [7].

Die Christelik-Nasionale onderwysgedagte was diep genoeg gewortel in die siel van die Afrikaner om nie deur wapengeweld vernietig te word nie. Die gebruik van die skool om die Afrikanerkind te angliseer en te denasionaliseer, sou lynreg bots met die opvattings van die verowerde volk.

Die onderwys-/..........

1. Malherbe: Education in South Africa, 300.
2. T.O.D.-Rapport, 1900 - 1904, 87. Bylae IV: Brief van Sargant aan Milner, 14 Junie 1901.
   Id., 12, 19.
   The Star, 22.1.02.
3. Malherbe: a.w., 303.
   Cd. 819, 352 - 353.
4. Venter: Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 309.
5. The Star, 19.2.02.
6. Pells: 300 Years of Education in South Africa, 70.
7. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 18. Leerlinge in kampskole is nie hierby ingesluit nie. In al die skole onder staatsbeheer was daar 27,940 leerlinge.

Die onderwysontwikkeling in Transvaal na 1902 sou gekenmerk word deur 'n botsing tussen die onderwysbeskouing van Milner met sy paar uitvoerende amptenare en dié van die Boerevolk; 'n hoogs gesentraliseerde staatstelsel teenoor 'n hoogs gedesentraliseerde staatsondersteunde stelsel.

Die C.N.O.-beginsel in die onderwys, naamlik dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoeding van die kind en nie die staat nie, was die waarborg dat die ouer die onderwyser kon aanstel en nie die staat nie. Deur die benoeming van die onderwyser kon die ouer verseker dat die leermeester die Hollandse taal magtig is en die onderwys in 'n Protestants-Christelike gees gegee sou word.

Die voorstanders van C.N.O. sou die stryd voer vir ouerseggenskap in die onderwys.

5. Samevatting.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwysbeheer in Transvaal toon dat die Boerevolk in die kort bestek van 'n halwe eeu 'n nasionale onderwysstelsel, gefundeer op christelik-nasionale beginsels, ontwikkel het. In hierdie beginsels lê die reg van die ouer om beheer oor die onderwys van sy kind uit te oefen verskans.

Die eise van die uitlanders en die verarmde Afrikaners op die goudveld het die regering genoodsaak om ook staatskole te stig wat direk deur die staat beheer sou word. Baie ouers sou later geen beswaar hê teen die Engelse staatskole wat na die oorlog sou volg nie.

Die onderwerping van die Boerevolk aan die Britse gesag en die oogmerk van Milner om die Afrikaners met behulp van staatskole te angliseer, sou bots met die Christelik-Nasionale opvatting van die verowerde volk. 'n Stryd om ouerseggenskap in die onderwys sou volg.